

# Maandag 14 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 20:1-16

Fokusgedeelte: Handeling 20:13

## 'n Tyd vir besinning!

Elke mens het 'n tyd nodig om stil te word! Die Here Jesus het Self van tyd tot tyd die stilte opgesoek om alleen met sy Vader te wees.

Paulus het so 'n behoefte. Hy stuur solank sy helpers vooruit na Assus om hulle daar te ontmoet. Nou het hy 'n volle 32 kilometer padlangs om na Assus te stap sonder enige steurnis.

Agter hom lê 'n tydperk van vrugbare diens in Efese. So ook in Korinte. Dit lyk asof Satan die geseënde werk van die Here wil pootjie. Dan moet Paulus weer koers kies na 'n ander arbeidsterrein net soos die Heilige Gees hom lei. Hy kry geleentheid om die Woord te verkondig en die sakrament van die Heilige Nagmaal te bedien. Hy leer die opstandingskrag van die Here Jesus ken wanneer die Heilige Gees die gemeente deur die opwekking van Eutichus versterk.

Nou is Paulus op pad na Jerusalem. Vervolging, gevangenskap en uiteindelik die oorlewering aan die Romeine wag vir hom daar. Nou kry hy geleentheid om die eensame en belangrike pad van 32 kilometer te voet na Assus te loop. 'n Tydperk alleen met die Heilige Gees.

Benodig ons nie soms 'n tyd van inperking nie? Om alleen saam met God se Gees te reis om ons gereed te maak vir die uitdagings wat voorlê. Vir die pad na my en jou Jerusalem?

*Sing: Skrifberyming 8-1:2*

*Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)*